
Cannot view the email properly? View it online

# VrydagNuus

## 31 Oktober 2025



### *Ons bid nie teen mure vas nie*

Wanneer die soeklig op ons persoonlike gebedslewe val, is ons gewoonlik in die moeilikheid. Gedurig hoor ons ons moet meer bid. Ons hoor ook die getuienisse van ’n paar supergelowiges wat steeds die hemele oopbid, maar aan ons kant van die draad is gebed eintlik net ’n gesukkel.

Ons bid hier en daar en doer, maar dit voel kragteloos. Ons kan identifiseer met ‘n bekende persoon wat op ’n dag by die klaagmuur in Jerusalem gaan bid het, waar derduisende Joode gereeld bid. Toe hulle vir hierdie *celebrity* vra hoe dit gevoel het om op so ‘n heilige plek te bid, antwoord hy: *“Well, it was like talking to a wall…”*

Ons bid nie teen mure vas nie. Ons bid soos Jesus ons geleer het. Ons weet om te bid is om met God te praat. Hy is die Hoorder van gebed, soos wat Psalm 65 sê. Hoor weer: God ÍS die hoorder van gebed. Hy is nie doof nie. Hy is nie weg nie. Hy hoor. Ons praat met Hom

in Jesus se Naam. Ons loof Hom. Ons sê vir Hom dankie. Ons praat mooi en vreugdevol oor God by God. Ons maak ook ons behoeftes in nederigheid aan Hom bekend. En ons bid gedurig vir ander mense. Altyd bid ons gelowig en opreg. Dan sê ons amen en gaan leef tot eer van die Heer. Hy het ons gebed gehoor. Hy is by ons. Ons opregte gebede sneuwel nooit teen dooie mure nie.

*(Erkenning aan Stephan Joubert, e-kerk)*

**NS: Bouprojek nuus**
Die ingang by die grootsaal se roldeur is van hierdie week af nie meer bruibkbaar nie. Besoek asb ons webtuiste om te sien watter ingange nou in gebruik is.



# *Eredienste 3 Nov*

**Deuroffers:**
Jan Kriel nstituut

**Eredienste:**
**Kerk @ 09:00**
Christi Thirion (doop)
**Kerk @ 11:00**
Christi Thirion (doop)
**Saal @ 18:00 (Tienerkerk )**
Lionel Hutton
**Kerk @ 18:30**
Jurie Gouws

**Dopelinge:**
Amé SWANEPOEL, dogtertjie van Kevin en Nici
Noemnaam: Amé

DANIEL JACOBUS PIENAAR, seuntjie van Ferdi en Elzette
Noemnaam: Daniel

LENA LIZé ZEEMAN, dogtertjie van Adriaan en Carien
Noemnaam: Lena

LIESBET HANNA KOORTS,
dogtertjie van Jaco-Chris en Carolien
Noemnaam: Liesbet

JEAN-HENRI VENTER, seuntjie van Emuel en Margo
Noemnaam: Jean-Henri

BLAKE VAN DER WESTHUIZEN,
seuntjie van Theo en Nicole
Noemnaam: Blake

CARA GREGORY, dogtertjie van Ronald en Melandri
Noemnaam: Cara

**Kinderbediening:**
**Kinders: 09:00 - 10:00**
3-4 jr: Langsaal
5-6 jr: Jeugsaal
Gr 1-5: Grootsaal
Gr 6: 09:00 diens in die kerk, verdaag na die lokale onder die kerk

**Jeugbediening:**
**Tienerkerk: 18:00**
Gr 7-12: Grootsaal

**Aanlyn erediens** - Kenridge Gemeente YouTube - **kliek hier.**




# *Kinderkerk*

**Advent kalenders**
Te koop teen R30 voor en na kinderkerk asook die kerkkantoor.

**Onthou! Huis Ravenzicht kuier**

Son, 2 Nov vertrek ons na die oggenddiens (10h15) en gaan deel briefies uit wat die kinders vir die inwoners geskryf het. Ons nooi gesinne om saam te kom!



## *Calvinia halwe lammers*

Calvinia karoolam (halwe lammers) is beskikbaar teen R135/kg. Skakel die kerkkantoor (913-4206) om jou bestelling te plaas (**bestellings net tot 15 Nov.**)
Afhaal van die lammers geskied op Vry 28 Nov.



## *Familie markdag*

Op 29 Nov vanaf 09:00 hou ons 'n familie markdag. Lidmate word genooi om aansoek te doen as hulle ware/produkte wil uitstal. Die middag vanaf 16:00 kuier en braai ons saam en kyk rugby op die grootskerm: Bokke vs Wallis. Braaidromme met vure sal voorsien word. Bring eie kos, drankies en kampstoele.



## *Gebedsbediening*

**Gebedsfokus**

Die volledige gebedsfokus is op die webtuiste beskikbaar.

**Gebedsversoeke**

Gebedsversoeke kan aangemeld word deur 'n WhatsApp te stuur na die gemeente WhatsApp nommer (+27 76 492 0008) of aanlyn op die webtuiste (skakel bo).

**Bid saam met die gebedspan**

Sluit aan by die gebedspan in die

gebedskamer (in die grootsaal) na afloop van die 09h00 diens.

Snap here to pay

SnapScan

LIKE

KENRIDGE GEMEENTE

FORWARD

Kerkkantoor:
**Ma - Do 09:00 - 16:00**
**Vry 09:00 - 13:00**
tel no: (021) 913 4206
e-pos: kantoor@ngkenridge.co.za
webtuiste: [www.ngkenridge.co.za](http://www.ngkenridge.co.za)

**Bankbesonderhede:**
NG Gemeente Kenridge
FNB, Willowbridge
Tjekrekening: 62622466458
Takkode: 250655



VOORBIDDING – 2 November 2025

Caro Visser is onverwags in die hospitaal opgeneem nadat sy waarskynlik 'n beroerte gehad het wat haar spraak ernstig aangetas het. Bid asseblief dat sy baie bewus sal wees vd Here se teenwoordigheid en sorg. Bid asseblief vd spesialiste wat haar behandel vir wysheid om die korrekte behandeling toe te pas sodat sy kan herstel tot die mate wat dit moontlik is.

Tersia Greeff (almal ken haar as Tersia Henn van die kerkkantoor) het onlangs ‘n groot rugoperasie ondergaan. Sy is ontslaan en sterk tuis aan. Bid vir die rehabilitasie- en herstelproses en dat sy pynvry sal bly. Bid ook vir Thys, haar man, wat haar ondersteun en versorg.

Elzabé Marais (ook een van die vorige kerkkantoorpersoneel) het ‘n nood-galblaasoperasie ondergaan. Sy was 14 dae gehospitaliseer agv komplikasies, maar is Dinsdag ontslaan. Bid vir haar volkome herstel, en vir Hennie, haar man, wat haar tuis sal ondersteun.

Rita Kitching OWA het geval en haar heup gebreek. Sy sterk aan in Intercare Tygervallei.

Helmien Pieterse sterk tuis aan na ‘n tyd van hospitalisasie. Bid vir haar algehele herstel, en vir Sakkie, haar man, wat haar by die huis sal ondersteun.

Bid asseblief volhoudend vir Elani Cornelissen, volwasse dogter van Diana van Heerden. Elani leef met gevorderde Motor-Neuron-siekte. Sy kan nie meer beweeg nie en haar spraak is ernstig belemmer. Bid dat Elani nie moed verloor nie, en dat sy fisies gemaklik sal wees. Bid ook vir Diana wat haar voltyds versorg, en vir Rudolph en Veronica (Elani se suster) by wie Elani en Diana in ons gemeente tuisgaan.

Bid asseblief vir egpare wat in die proses is om hul huweliksverhouding te ontbind. Vra die Here om hulle die insig te gee om steeds albei vir hulle kinders (indien daar is) veilige ruimtes te skep. Dit bly van kritiese belang dat ouers in hierdie proses nie hul kinders gebruik (misbruik?) om hulle konflik met mekaar voort te sit nie.

Bid asseblief vir ‘n middeljarige dame wat van Kwazulu-Natal na Bellville verhuis het. Sy het ‘n SASSA-toelae in KZN ontvang, maar sukkel nou om haar besonderhede na die Bellville-kantoor oor te dra. Totdat dit gebeur, ontvang sy geen toelae nie, en het dus geen inkomste nie. Sy is dringend op soek na enige werksgeleentheid in die versorgings-bedryf (siekes, seniors – sy het ‘n opleidingsertifikaat en ondervinding), of enigiets anders. Indien iemand dalk sou kon help met die bespoediging van die SASSA-oordragproses sal dit waardeer word.